# Seëngroet






# FLAM 112

Ek roem u Naam,
ek wil graag sing.
Ek wil U eer,
U hulde bring
want daar is trou en liefde
by U, Heer.

Ek wil voor u almag buig,
met my hele hart getuig
van u groot ontferming,
genade vir ’n sterfling.
Ja, daar is geen einde
aan u liefde nie.

My diepste nood
bring ek voor U.
Ek bid tot U,
ek vra U, Heer,
sien my tog raak,
genees my grootste seer.



Ek wil voor u almag buig,
met my hele hart getuig
van u groot ontferming,
genade vir ’n sterfling.
Ja, daar is geen einde
aan u liefde nie.

# Markus 14 : 26-31 & 66-72

# Lied 276: 1

Leer ons om in eie oë

klein te wees voor U,

o Heer, diep bewus van onvermoë

om u Naam opreg te eer.

Maak ons nederig en stil

om te lewe soos U wil.

# L 276:2

**Daar is by ons soveel weerstand,**

**teen u wil, u Woord, o Heer.**

**Ons bied soveel kere teenstand,**

**wil ons nie deur U laat leer.**

**Skep in ons 'n nuwe gees;**

**laat ons U gehoorsaam wees.**


Markus 14 : 26-31 &
66-72



# Markus 14 : 26-31 & 66-72

26 Nadat hulle die lofsang gesing het (direk na die
Paasmaal), het hulle uitgegaan Olyfberg toe. 27 Toe sê Jesus
vir hulle: “Julle sal almal van My **afvallig** word. Daar staan
immers geskrywe: “*Ek sal die herder doodmaak, en die skape*
*sal uitmekaar gejaag word* (Sag 13:7). 28 ***“Maar nadat Ek uit die***
***dood opgewek is, sal Ek julle vooruit gaan na Galilea toe***.”
29 **Petrus** het vir Hom gesê: “*Al sal hulle ook almal van U*
***afvallig*** *word, ek sal nie.*” 30 Jesus sê toe vir hom: “***Dit verseker***
***Ek jou:*** *Jy sal vandag nog, in hierdie nag, voordat die haan 'n*
*tweede keer kraai,* ***My drie keer verloën***.”
31 **Maar Petrus het nadruklik gesê**: “***Al moet ek saam met U***
***sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!***” En al die ander het
dieselfde gesê.

66Terwyl Petrus onder in die binnehof was, kom een van die
hoëpriester se diensmeisies daar. 67Toe sy vir Petrus sien,
besig om hom warm te maak, kyk sy na hom en sê: "*Jy was
ook saam met die man van Nasaret, die Jesus.*" 68Hy het dit
egter **ontken** deur te sê: "***Ek ken Hom nie en ek verstaan ook
nie wat jy sê nie***." Toe het hy na die deur se kant toe gestaan.
**En daar het 'n haan gekraai.** 69Die diensmeisie het hom
gesien en weer vir dié wat daar by gestaan het, gesê: "*Hy is
een van hulle*." 70Maar hy het dit weer **ontken**. 'n Rukkie later
het dié wat daar by gestaan het, vir Petrus gesê: "*Werklik, jy is
een van hulle, want jy is mos ook 'n Galileër*." 71Toe begin hy
vloek, en hy sweer: "*Daardie man van wie julle praat, ken ek
nie.*" 72En onmiddellik het die haan 'n tweede keer gekraai.


Dit het Petrus toe bygeval wat Jesus vir hom gesê het: "*Voordat die haan 'n tweede keer kraai*, ***sal jy My drie keer verloën***." **En hy het in trane uitgebars**.

# ‘n Pinkie-belofte (Pinkie promise)



# ‘n Pinkie-belofte teenoor die Here





Peter said to Him, "Even if all are made to stumble, yet I will not be." Jesus said to him, Assuredly, I say to you that today, even this night, before the rooster crows twice, you will deny Me three times." But he spoke more vehemently, "If I have to die with You, I will not deny You!"
Mark 14:29-31 (NKJV)

# In ons teks …

# In die nagloed van die Paasmaaltyd…


Jesus se skokkende aankondiging:

*“Julle sal almal van my afvalling word”*




# Laaste stukkie onderrig - ‘n voorspelling

Petrus se reaksie veelseggend:




Groot beslisheid – pynlike ervaringsleer


# Hoekom het Petrus geflop?




- Nie geweet wat dit vra nie
- Wou Jesus beïndruk
- Wou wys hy is beter
- Onderskatting van vrees
- Selfbehoud bo getrouheid
- Los van Jesus – opgeblaasde ballon


# Hoe verloën ons Jesus vandag?

- Weghardloop/wegkruip
- Op afstand volg
- Teenwoordig maar stil
- Teenwoordig en aktief ontken.



# Dink of bespreek saam:

- Hoe voel dit?
- Wat gebeur met ons
- onder druk?
- Hoe kan ons mekaar
bystaan?



# Jesus se plan breek nie saam met ons nie

*"Maar nadat Ek opgewek is,*
*sal Ek julle vooruitgaan*
*na Galilea."*



# Wat as ek Jesus reeds verloën het?

**Gelowiges in Rome:**

- **Onder druk Jesus verloën.**
- **Deur skuld en skaamte verteer.**
- ***"God het julle nie afgeskryf"***



**As Hy my vashou as ek Hom verloën kan ek mos maar aanhou verloën**

Belangrike spanning:



# Beleef genade





# Die haan se kraai as genade

Nie net aanklaer nie, maar ook soos wekker



# Trane wys genade

## Trane...

Hy gebruik selfs ons flop om ons wakker te maak.



# As verloëning weer voor jou deur staan - watter soort gebed sal jy bid?



- Waar het ek hierdie week Jesus “nie geken nie”?
- In watter gesprek het ek stilgebly?
- Waar het ek Hom verruil vir gemak?
- Waar is my “haanekraai-oomblik”?

# Lied 511: 1

Lei U ons, Lig,

deur hierdie duisternis,

lei U ons, Heer!

Steil is die pad

waarop ons pelgrims is,

# L 511:1 (vervolg)

lei U ons, Heer!

Wys U die weg, ons wil U ewig volg.

Waar U mag lei,

sal ons getrou U volg.

**L 511:2**

**Al wou ek self**

**my lewenspad hier meet,**

**al wou ék lei;**

**noudat ek weet, nou vra ek U,**

**ek smeek:**

**Sal U my lei?**

# L 511:2 (vervolg)

Ja, ek was dwaas,

verlei deur ydelheid.

Vergeef nou, Heer!

Vergeet tog daardie tyd.



# Lied 393: 1

Middelpunt van ons verlange,

U bring rus in ons gemoed!

Jesus, met ons dankgesange

loof ons steeds u liefdegloed!


# L 393:1 (vervolg)

Op ons diepbedorwe aarde

het U, Heiland, neergedaal

en vir elke skuldbeswaarde

met u kosbaar bloed betaal.




# L 393:4

Heer, in liefde wek U liefde,
U kom met ons vóór begin:
U laat groei in ons die visie
van 'n nuwe lewensin.

# L 393:4 (vervolg)

U skenk nuwe inspirasie

om te bid, te volg, te dien.

Middelpunt van ons verlange,

U het rus aan ons voorsien.

# Dankoffers



# Seën

